Die predikantsvrou

Byeenkoms vir predikantsvroue van die Oostelike Sinode. 2006-04-21

Sprankel in God se droom

Julian Müller

SESSIE 1: Waar is die sprankel?

Ek verwerdig my om hieroor saam te praat omdat ek 'n predikant is en 'n voltydse predikant was vir 20 jaar. Dus my vrou met wie ek nog getroud is, was ook 'n predikantsvrou vir baie jare. Dit maak ons nie eksperte nie, maar gee tog aan ons tog 'n soort insider en outsider perspektief. Ek praat nie namens haar nie, maar ek het 'n vermoede dat ons tog oor hierdie dinge saamstem.

'n Predikantsvrou is in die eerste plek 'n vrou. 'n Vrou soos alle ander vroue wat in hierdie tyd getroud is met 'n man in 'n professionele beroep. As vrou is sy onderworpe aan die algemeengeldende diskoers in ons samelewing oor dinge soos gender, die rol en posisie van getroude vroue, die persepsies oor christenskap en vrouwees, ens. Aan die een kant is die lewe in 'n pastorie waar die predikant, sy vrou en hulle kinders lewe, soos' n realiteitsprogram op TV (soos Big Brother) wat deur almal bekyk word en deur almal bespreek word. Aan die ander kant is dit nie 'n geïsoleerde stukkie bestaan wat net 'n hersirkulering (recycling) van goed is binne die 4 mure van die pastorie nie. Die pastorie word beïnvloed deur wat in die res van die wêreld gebeur. As vroue in die wêreld meer regte kry en 'n groter stem kry en meer mag kry dan gebeur dit ook binne die vier mure van die pastorie.

Maar daar is nie net 'n samelewingsdiskoers waaraan die predikantsvrou onderworpe is nie, daar is ook 'n kerklike en godsdienstige diskoers. Om te verstaan en te beskryf wat alles tans op die predikantsvrou inwerk, moet ons aan albei hierdie diskoerse aandag gee.

Die samelewingsdiskoers oor vroue

Vroue bly steeds die mees gemarginaliseerde groep in elke land . Dié status wissel wel na gelang van klas en ras, maar dit bly waar selfs aan die bokant van die sosiale ranglys. Daar word na hierdie proses van marginalisasie verwys as "seksisme"

Die HAT definieer "seksisme" as: "diskriminasie: vooroordeel op grond van seks - veral teenoor vroue". Seksisme word gebore wanneer een geslag se eienskappe, waardes en belange as die enigste een, die superieure een en die een wat alles weet en verstaan, aanvaar word. Die ander geslag se eienskappe, waardes en belange word gevolglik gedefinieer vanuit die verwysingsraamwerk van die superieure geslag. Sou die eienskap van "rasionaliteit" byvoorbeeld aan die manlike geslag toegeken word en dié van"emosionaliteit" aan die vroulike geslag, is "rasionaliteit" die algemeen geldende norm en die "goeie"/"regte", terwyl "emosionaliteit" dan vertaal sou kon word uit die verwysingsraamwerk van die manlike geslag as "irrasionaliteit" en die "nie-goeie"/"verkeerde".

Seksisme koopteer dikwels kultuur en godsdiens om homself in stand te hou en te bevorder en vica versa.

Dus ons lewe in 'n wêreld waarin 'n vrou nog steeds aan die agterspeen suig. Mans se kanse om suksesvol te wees in die beroepswêreld en in die samelewing in die algemeen, is steeds beter as dié van vroue.

Tog is daar ook geweldige veranderinge besig om in te tree. Die grondwet beskerm gemarginaliseerde groepe en veral ook vroue. Ekonomiese en beroepsgelykheid het vandag aan vroue veel groter mag gegee as selfs net 'n dekade gelede. Die regering se toegewyde program om vroue tot hulle regmatige plek in die openbare en private sektor te laat kom, het 'n groot invloed op ons samelewing.

Die gevolg is 'n opkomende groep vroue wat lewensvervulling en beroepsvervulling ervaar, meer as ooit. Maar ook 'n groterige groep mans van wie ou gewaande sekerhede ontneem is en hulleself bedreig voel deur vroue wat al sterker ontwikkel, vrouens wat hulle man kan staan.

Opsommend: Vroue se posisie verbeter en soos wat dit verbeter kom daar nog groter stukrag om die onreg van gemarginaliseerdheid bloot op grond van geslag te oorkom. Dit is soos 'n kar wat mens stoot en stoot om die wiele aan die rol te kry en dan skielik tref dit 'n afdraende en daar's geen keer nie. Die momentum word al groter.

Die kerklik-godsdienstige diskoers oor vroue

Maar in die kerk (beslis ook in die NG Kerk) word daar sterk gerem

aan die "kar" wat al vinniger teen die afdraende beweeg. Die feministiese teoloë word skepties en krities bejeen. Die toegewingkies is min en stadig. Die sentiment is meer in die guns van sterk vroue by die huis en die godsdienstige betekenis van moederskap. Aan die eenkant dwing die ekonomie en die beginsel van gelykheid ons om te erken dat die vroue bevry moet wees om hulle potensiaal in die beroepslewe ten volle te ontwikkel. Aan die ander kant troetel ons die idee van 'n vrou se plek is by die huis en by haar kinders. Ons kan hier praat van die algemeen-kerklike diskoers. Die formele kerklike beleid is anders. Die besluite is (anders as by die onlangse Gereformeerde Sinode) meestal polities korrek en daarom in die guns van vroue. Vroue is toegelaat tot die ampte en word selfs in leiersposisies verkies. Maar die diskoers en die amptelike kerklike beleid kom nie altyd ooreen nie.

Die pa word steeds (aan die hand van Bybeltekste) voorgehou as die leier en priester van die huishouding. Hy verteenwoordig God in die familie en dra die grootste verantwoordelikheid vir die godsdiensbeoefening in die huis. Hy het die beste kans om God se wil te kan onderskei en daarom moet hy die grootste besluite neem en sy woord is finaal. Al is hy meeste van die tyd afwesig, moet sy liefde gevoel en gesien word in streng dissipline en in groot offers (werk) ter wille van die finansiële welvaart van sy gesin. James Dobson se boeke oor huwelik en gesin word wyd gelees in NG Kerk kringe. Sy radioprogram "Family Focus" het nie minder nie as 970 radiostasies in die VSA bereik en van sy boeke het meer as 6 miljoen eksemplare verkoop. Daarvolgens moet daar nie afgesien word van die "time-honored relationship of husband as loving protector and wife as recipient of that protection." In die VSA word hierdie teologie goed opgesom in die Danvers Statement, 'n konservatiewe manifes: Die volgende word as ideaal voorgehou vir 'n huweliksverhouding: Loving, humble leadership of redeemed husbands, and the intelligent, willing support of that leadership by redeemed wives.

Opsommend kan mens dus sê dat ons almal die heeltyd met twee teenstrydige boodskappe gebombardeer word.

" 'n Groeiende, sterker wordende diskoers in die samelewing wat sê die vrou se uur het uiteindelik aangebreek. Sy is in alle opsigte gelykwaardig aan die man. Sy is bemagtig om haar posisie in die huwelik, in die huis, in die samelewing en in die kerk langs die man in te neem. Inteendeel, na haar word in baie opsigte opgekyk vir leiding en inisiatief.

" Ook 'n groeiende en sterker wordende kerklike diskoers wat Bybelse gronde voorsien vir 'n vriendelike patriargalisme. Hierdie diskoers sê die vrou is beeld van God, maar tweede geskape; sy het 'n wonderlike rol van versorging in die huis en samelewing, maar haar eerste roeping is om haar man te dien.

Waar laat dit die predikantsvrou van vandag?

In 'n dilemma!

Die samelewingsdiskoers is sterk. Daarom is die druk op die predikantshuishouding sterk in die rigting van die huidige samelewingsdiskoers. Hulle het ook behoefte daaraan om gewone mense te wees wat dink, doen en besluit soos gewone mense. Die predikantspaar wil man en vrou vir mekaar wees soos alle ander mense, hulle wil ouers wees soos die ander en die kinders wil definitief nie uit voel by die res nie. Die predikantsgesin word aan al die invloede van die samelewing blootgestel en bring hulleself in lyn met die goeie waardes van die samelewing. Hulle glo ook aan gelykheid en vryheid vir die individu. Hulle is ook gekant teen seksisme en rasisme. Hulle glo ook aan die demokratisering van die samelewing. Dus die predikantsvrou voel om eerstens net lidmaat en nie Mev-ds te wees nie. Sy beoefen 'n beroep en bring netsoveel of meer geld in as haar man. As ontwikkelde, professionele vrou pas sy uitstekend in in die nuwe posisie van die vrou wat bemagtig is as die man se gelyke.

Maar die kerklik-godsdienstige diskoers is ewe sterk vir die predikantsgesin. Hulle voel geroepe om dit wat in die kerklike samelewing se gemoedere leef te koester en as voorbeeld te dien. As dit dan die Bybelse en godsdienstige model is, dan moet hulle ten minste daarvolgens handel. Al sou niemand anders in die samelewing meer daarvolgens optree nie, hulle moet. Die vrou moet dus "intelligent, willing support" aan die leierskap van haar man betoon. Daarom moet sy ook 'n gewillige en intelligente verlengstuk van haar man se werk wees en daarom is sy roeping oor haar roeping en staan sy in diens van die gemeente.

Dit laat die predikant en die predikantsvrou (en dikwels ook die kinders) met 'n hewige dilemma. Na watter innerlike stemme moet geluister word? Dit is miskien moontlik om binne die geïsoleerde kring van kerk en pastorie net na die kerklike diskoers te luister, maar sodra hulle na buite beweeg word die ander diskoers weer oorverdowend sterk. Dit bring identiteitsverwarring en identiteitskrisisse mee. Twee stelle waardes wat tegelyk gehandhaaf moet word.

Volgens watter wysie moet die predikantsvrou nou sing? By watter fonteintjie moet sy drink om te kan sprankel in God se droom. Watter een van die diskoerse is die meeste in lyn met God se droom, of is daar dalk heeltemal 'n ander droom waarvolgens ons kan sprankel?

Bespreking…

SESSIE 2: "Gee my vandag my daaglikse self"

Die gedig van Jeanette Ferreira (Die Braambos brand, p 125) "Gee my vandag my daaglikse self…", word as basis gebruik vir die volgende gesprek:

onse vader gee my vandag my daaglikse self
want daarvan sal ek leef
en bly word

oor lou dae rokende winterson
en 'n plat veld blonde gras

oor die kantel van my sagte kitaar
en juig van soet psalms van die woord

oor sondag se pynlike dun wind
wat deur die hoë gepypte dwaal

oor 'n naam wat rol soos 'n helderrooi bal
in die dun bruin steeg voor my treurige deur

oor die self wat alleen geword het
en daarmee vrede het

Ons besin saam oor die volgende:

1. Die eerste strofe suggereer dat die self soek is en weer ontvang moet word. Indien dit gebeur, ontstaan daar lewe en blydskap. Die self is volgens hierdie benadering nie iets wat opgebou word nie, maar iets wat ontvang word; iets waarvoor gebid word.

   Vraag: Voel jy as predikantsvrou dat jou self ook soms soek raak tussen al die gemeentelike aktiwiteite en verpligtinge? Maak dit vir jou sin om 'n slag te bid vir jou "daaglikse self"?

2. Ons besin oor die dinge wat die self op vlug laat slaan en wat maak dat mens soms weer wil, soms week kan bid om die terugontvang van jou daaglikse self:
    - Lou dae...
    - Miskien kan jy onthou en het jy behoefte om te vertel van die lou dae...
    - Wanneer die psalms van die woord soet smaak op die wysie van jou sagte kitaar...
    - Die pastorielewe is nie net sleg nie. Die psalms is soms inderdaad soet. Ons vertel mekaar daarvan...
    - Die predikantsvrou se Sondagervaringe wanneer die dun wind deur die hoë gepypte dwaal.
    - Watter beelde word deur hierdie strofe opgeroep en watter emosies gaan daarmee saam?
    - En hoe treurig kan mens se deur word, wanneer jy jou goeie naam soos 'n helderrooi bal die stegie sien afrol - onkeerbaar!
    - Predikante en predikantsvroue ervaar soms dat hulle name aan die rol raak; dat mens nie meer beheer het oor jou naam en oor persepsies wat oor jou opgebou word nie. Dan raak die behoefte so groot om te bly bid vir jou "daaglikse self"
3. Ons besin uiteindelik aan die hand van die laaste strofe oor die krag en betekenis van alleenheid waarmee vrede gemaak word. In die pastorielewe is dit 'n besondere uitdaging. Die vraag is hoe ons meer daarvan kan inbou in ons daaglikse self?